# GEBED EN OU-TESTAMENTIESE TEOLOGIE

D F O'Kennedy[1]

## ABSTRACT

## PRAYER AND OLD TESTAMENT THEOLOGY

Prayer should be an intrinsic part of theology because the way in which people understand the nature of God determines the nature and content of their prayers. This article poses the following question: In which way is prayer discussed in Old Testament theologies? This question is discussed by an investigation into ten prominent Old Testament theologies: Eichrodt; Vriezen; Von Rad; Zimmerli; McKenzie; Westermann; Clements; Childs; Preuss; en Brueggemann. It is significant that the systematic discussion of prayer is ignored or neglected in many theologies, especially theologies of English scholars. There are a few deficiencies in theologies discussing prayer, *inter alia* the negligence of non-Psalmic prayers and intercessory prayers.

## OPSOMMING

Gebed en teologie is onlosmaaklik aan mekaar verbonde, omdat die manier waarop die mens God verstaan die aard en inhoud van hulle gebede bepaal. Die vraag wat in hierdie artikel aan die orde kom is: In watter mate word gebed in Ou-Testamentiese teologieë bespreek? Hierdie vraag word beantwoord aan die hand van tien toonaangewende Ou-Testamentiese teologieë: Eichrodt; Vriezen; Von Rad; Zimmerli; McKenzie; Westermann; Clements; Childs; Preuss; en Brueggemann. Dit is betekenisvol dat die sistematiese bespreking van gebed in 'n hele aantal van hierdie teologieë afgeskeep of geïgnoreer word, veral teologieë van Engelse geleerdes. Verder is daar 'n hele aantal leemtes by teologieë wat wel gebed bespreek, onder andere die onderbeklemtoning van die nie-Psalmiese gebede en voorbidding.

## 1. INLEIDING

Die vrae "Wie is God?" en "Hoe moet ek bid?" kan nie van mekaar geskei word nie. Gebed is teologie in beweging. Die wyse waarop die mens die wese van God verstaan, bepaal ook die wese en inhoud van sy gebed.

Daar is geen skaarsste aan algemene publikasies oor gebed nie, maar Warren (1980:2) meld tog die verwaarlosing van gebed in die sistematiese

1 Dr D F O'Kennedy, Dept Ou en Nuwe Testament, Fakulteit Teologie, Universiteit van Stellenbsoch, Stellenbsoch.

teologie. 'n Mens vind dit jammer dat daar in Protestantse teologieë soos dié van Bavinck, Honig, Weber, Schmid, Trilhaas en andere nêrens eksplisiet oor gebed geskryf word nie (vgl Du Preez 1980:11-12; Müller 1984:84-94).

Daar is egter 'n paar uitsonderings: Calvyn (1956) wy 'n hele hoofstuk hieraan (Inst II 20); Berkouwer (1949) gee aandag aan gebed in sy *Dogmatische Studien*, veral hoofstuk 5 in Geloof en volharding; Brunner (1960:368) beklemtoon dat gebed die toetssteen van die geloof is en dat die teologie van gebed die toetssteen van alle teologie is; in Barth (1961) se *Kirchliche Dogmatik* word gebed nie afgeskeep nie (oa in III/3 en III/4),[2] Berkhof (1973) wy 'n gedeelte hieraan onder die afdeling: Die vernuwing van die mens; Ebeling (1979: 208)[3] glo dat gebed as godsdienstige daad nie teenoor ander dade gestel moet word nie, maar dat die totale Godsverhouding in die gebed gekonsentreer word.

Die vraag is: in watter mate word gebed in Ou-Testamentiese teologieë bespreek? Hierdie vraag gaan vervolgens beantwoord aan die hand van 'n studie van tien toonaangewende Ou-Testamentiese teologieë wat die afgelope eeu verskyn het.[4] Hierdie teologieë word kronologies volgens die datum van die eerste uitgawe gerangskik. Elke teoloog se bespreking van gebed sal vermeld word en daarna kortliks geëvalueer word.[5] In die slot sal 'n paar samevattende gevolgtrekkings gemaak word.

2 Barth (1961:264) sê onder andere die volgende oor gebed in paragraaf 49:

> That Christian obedience includes prayer means first that prayer is the most intimate and effective form of Christian action.

3 Vergelyk Ringleben (1982:230-248) en Wethmar (1988:217-237) vir 'n meer gedetailleerde bespreking van Ebeling se beskouing oor gebed.

4 Dit was uiters moeilik vir die skrywer om 'n spesifieke keuse te maak aangesien talle Ou-Testamentiese teologieë die afgelope eeu verskyn het. Die skrywer het 'n seleksie van 10 toonaangewende teologieë gemaak wat by die Universiteit van Stellenbosch voorgeskryf is en steeds voorgeskryf word (vgl Verhoef 1981).

5 Dit is nie die bedoeling om elke outeur se volle teologie te evalueer nie. Slegs die inhoud van elke bespreking oor gebed sal geëvalueer word.

# 2. W EICHRODT: 1933 EN 1957[6]

## 2.1 Indeling en bespreking

Eichrodt (1961) bespreek gebed in hoofstuk 4 van sy teologie (Deel 1) onder die hoofdeel "Verbondsverpligtinge". Gebed word saam met die inseëning en reinigingsrituele, en offerdiens as 'n heilige daad in die kultus beskou.

Eichrodt (1961:172) wys eerstens op die noue samehang tussen offerhande en gebed. Hierdie samehang word veral geïllustreer deur die gebruik van die stam עתר wat oorspronklik as 'n tegniese term in die offerpraktyk gebruik is. Volgens Eichrodt is dit moontlik om die spore van vroeëre elemente in die Israelitiese gebede vas te stel. Die gebruik van die woorde התפלל en חלה herinner aan vroeëre gebruike waar die bidder homself verwond het om die aandag van die godheid te trek. Selfs die gebruik van die uitgestrekte hande het 'n magiese betekenis gehad. Eichrodt meld egter dat die vroeëre elemente 'n nuwe betekenis in die Israelitiese godsdiens gekry het.

Die invloed van die vroeëre elemente vind ook sy neerslag in die vloek en seën wat met die towery in verband gebring kan word. Daar is byvoorbeeld geglo dat 'n gesproke woord besondere mag het, mag wat heeltemal onafhanklik van die godheid funksioneer. Eichrodt (1961:174) toon aan dat die towerspreuk-karakter heeltemal uit die gebed van die Ou Testament verdwyn het. Die drie eienskappe van die towerspreuk is: (1) Die magiese uiting van die Naam van God; (2) Die gedurige herhaling van identiese gebedsterme; (3) 'n Spesiale manier van voordrag met 'n mompelende stem. Die afwesigheid van bogenoemde eienskappe dui op die unieke karakter van die Israelitiese gebede. Gebede is normaalweg hardop gebid en stereotipe formules is uitgeskakel deur die invoeging van 'n belydenis.

Israel se gebede was 'n erkenning van die heerskappy van Jahwe. Dit word verder bevestig deur hulle gebedshoudinge. Die neerkniel en uitstrekking van die hande, gevolg deur die buiging van die kop na die grond simboliseer die onderdanigheid aan 'n hoër gesag.

Volgens Eichrodt (1961:175) word die egtheid van die gebedslewe in Israel bevestig deur twee eienskappe: (1) Die afwesigheid van onnodige vleiery. By die Israelitiese gebede is daar eenvoud, egtheid en vertroue op

6 Die uitgawes wat in hierdie artikel gebruik word, is eers in 1961 en 1982 gepubliseer.

die alomteenwoordige God; (2) Daar is ook nie 'n verskil tussen die kultusgebed en die gebed van die enkeling nie. 'n Verskil tussen bogenoemde gebede is volgens Eichrodt een van die karaktertrekke van die buite-Bybelse gebede.

In deel twee van sy teologie maak Eichrodt (1982:448-452) melding van gebed in die hoofstuk wat handel oor sonde en vergifnis. Hy meld selfs dat die vroomste man op aarde se gebed ondergeskik is aan die wil van God, en dat die aanhoor van sy gebed deel is van God se genade. Die manier waarop die voorbidding van Abraham, Moses of Samuel beskryf word, toon ook dat hulle pleitroep ondergeskik was aan die verlossingshandelinge van God. Dit beteken egter nie dat die Ou-Testamentiese gebed net 'n betekenislose uitdrukking van 'n vroom Israeliet was nie. Gebed bly ware interaksie tussen die mens en God en tussen God en mens. Die "mag" van die voorbidder lê daarin dat namate hy die wil van God verstaan, hy self verlang dat God se verlossingsplan moet geskied. As Abraham saam met God stry vir die regverdiges word sy voorbidding gesien as die eenwording met die wil van God. Eichrodt (1982:451) meld dat voorbidding ook afhanklik is van die voorbidder se gemeenskap met God deur persoonlike selfoorgawe, 'n aspek waaraan die profete besondere waarde geheg het.

### 2.2 Evaluering

Eichrodt bied 'n gebalanseerde beskouing oor gebed: hy wys op die ooreenkomste en verskille tussen gebede in die Ou Testament en Ou Nabye Ooste; hy waak teen 'n oorbeklemtoning van óf die indiwidu óf die gemeenskap; hy wys op die rol van voorbidding en die wil van God. Enkele leemtes kan geïdentifiseer word: 'n gebrekkige studie van terme vir gebed; die ignorering van belangrike gebedsvorme soos onder andere lof, dank en klag; 'n onderskeiding tussen die Psalmiese en nie-Psalmiese gebede.

## 3. TH C VRIEZEN: 1949 (1966)[7]

### 3.1 Indeling en bespreking

Vriezen (1966) beskou God as die sentrum van die Ou Testament, maar vestig dan veral die aandag op die gemeenskap tussen God en mens. Hy maak 'n paar keer melding van gebed, maar die belangrikste gedeelte vind

7 Vriezen se teologie is in 1966 hersien en uitgebrei.

'n mens in hoofstuk 7 (Verkeer tussen God en mens). Die breë struktuur van hierdie hoofstuk is soos volg: (1) Die openbaring van God; (2) Die kultus; (3) Die vroomheid.

Vriezen (1966:302) reken dat gebed die belangrikste uitdrukking van persoonlike vroomheid is. In die Ou Testament was gebed nie aan bepaalde voorskrifte gebonde nie. Daar het wel sekere vaste gebedshandelinge bestaan, maar hierdie handelinge was nie verpligtend nie. Gebed het 'n spontane karakter gehad soos dit veral blyk uit die persoonlike aanroep "my God".

Volgens Vriezen (1966:303) volg die ware gebed meestal op die klag waarin die nood van die bidder uitgespreek word. Die ware gebed kan verskillende vorme aanneem, soos byvoorbeeld gebed om hulp, gebed om vergifnis van sondeskuld en gebed om die beloning van 'n goeie daad. Teenoor hierdie gebedsvorme staan die gebed om wraak teenoor vyande wat selfs by 'n vroom man soos Jeremia voorkom (Jer 11:20; 12:3). Hierdie wraakgebede dra 'n sterk menslike stempel en is ver verwyderd van die bede wat Christus aan die kruis bid.

Buiten die persoonlike vorm van gebed verwys Vriezen (1966:303-304) ook na die amptelike vorm van gebed waar die priester of profeet voorgaan in voorbidding. Die inhoud van die Psalms (5:8; 42:5; 84:11; ens.) laat 'n mens besef wat die tempel en die gebed in die tempel vir die Israeliet beteken het. 'n Mens kan sê dat die Israeliet as't ware op die tempel geteer het vir sy persoonlike gebedslewe.

## 3.2 Evaluering

'n Interessante punt is dat Vriezen verkies om gebed onder die noemer van vroomheid te bespreek en nie onder kultus soos die geval met Eichrodt en Preuss nie. Gebed is 'n wesenlike deel van die uitlewing van vroomheid (vgl O'Kennedy 2000:121-122). 'n Verdere pluspunt is dat hy beide die persoonlike en amptelike gebed beklemtoon.

Vanweë die beknopte aard van Vriezen se bespreking is daar talle sake wat nie aangespreek word nie. Vriezen moet versigtig wees vir die manier waarop hy verskillende gebedsterminologie aan die orde stel. Hy gebruik die Nederlandse woorde "*gebed*, *klag*, *bede*, *smekingen*" sonder om te verduidelik wat hy met elkeen bedoel. Waarskynlik die grootste leemte is dat hy so min aandag aan die bespreking van gebed verleen.

# 4. G VON RAD: 1957 EN 1960[8]

## 4.1 Indeling en bespreking

Von Rad (1979a; 1979b) bestee nêrens in sy teologie 'n volle hoofstuk of 'n onderdeel daarvan aan gebed nie; tog verwys hy 'n paar keer na gebed. Die grootste verspreiding verwysings kom voor onder die hoofgedeelte: Israel voor Jahwe: Israel se antwoord. Die breë struktuur van hierdie gedeelte is soos volg: (1) Metodologiese oorweginge; (2) Die lof van Israel; (3) Die geregtigheid van Jahwe en Israel; (4) Die beproewing van Israel en die troos vir die indiwidu; (5) Israel se wysheid uit ervaring; (6) Israel se teologiese wysheid; (7) Skeptisisme. Die meerderheid verwysings na gebed word in deel 4 en 5 gevind. Von Rad se bespreking van gebed kan onder vier opskrifte gestruktureer word.

### 4.1.1 Israel se lof aan God

Von Rad (1979a:356-370) meld dat die Psalms die lof aan God op 'n spesiale manier verwoord. Hy reken egter dat die vroegste loflied alreeds in Eksodus 15 voorkom. Jahwe word as God van die geskiedenis en as Skepper van die wêreld geloof. Verder wys Von Rad (1979a:366-367) op die estetiese element van die lofliedere. Dit was dikwels kunstig-gevormde lofliedere wat in 'n direkte verhouding tot die geloof van Israel gestaan het. Von Rad (1979a:369-370) sluit hierdie gedeelte af deur te beklemtoon dat lof die belangrikste eienskap van die menslike bestaan is.

### 4.1.2 Gebed en die nood van die indiwidu

Von Rad (1979a:397 ev) probeer antwoord op die vraag of Jahwe ook die persoonlike lewe van die indiwidu en sy nood binnedring. Volgens hom kan daar nie altyd positief op hierdie vraag geantwoord word nie, aangesien Jahwe se dade nie altyd verstaan is nie. Die klaaggebede of klaagliedere van die enkeling is vol aanklagte teenoor God, omdat die indiwidu na elke noodlottige gebeurtenis 'n vraagteken agter sy verhouding met Jahwe geplaas het.

Volgens Von Rad (1979a:398-399) ervaar die hedendaagse leser dat 'n meer persoonlike karakter by die klaaggebede ontbreek. Hy wys op vormkritiese navorsing wat bevind het dat die indiwiduele klaaggebede gebid is

8 Die uitgawes wat in hierdie artikel gebruik word, is in 1979 gepubliseer.

binne 'n raamwerk van bekende formules. Die bidder druk dikwels sy nood uit in 'n paar tipiese en dikwels uitgediende frase.

Daar is ook 'n verdere punt van teologiese betekenis. 'n Mens word getref deur die radikaliteit van die noodlot-beskrywings. In Psalm 22 word daar byvoorbeeld gekla oor siekte, vyande, armoede, valse beskuldigings en bespotting. Byna elke tipe nood word tydens die klaaggebede aangespreek. Ten diepste is die Psalms 'n uitdrukking van die mens wat voor Jahwe staan en sy afhanklikheid van die Groot Helper erken.

### 4.1.3 Die vertroosting wat die bidder ervaar het

Von Rad (1979a:401-404) wys op die troos wat die bidder ervaar het. In die kultus was daar die sogenaamde priesterlike orakel van voorspoed ná die bid van die klaaggebed. Dit word ook aanvaar dat die gemoedsverandering in 'n hele aantal Psalms die vertroosting verwoord wat die bidder ervaar het (vgl Ps 6, 22, 28, 56 en 69). Die bidder hoor die "moenie vrees nie" asook die versekering dat Jahwe hom nie sal verlaat nie.

Die gedagte van lyding as 'n positiewe faktor in God se verlossingsplan word nie algemeen in die klaaggebede aangetref nie. In sekere gebede is daar wel sprake van beproewing wat lei tot 'n meer persoonlike verhouding met Jahwe (Ps 66:10; 118:18).

### 4.1.4 Gebed en die geregtigheid van Jahwe

Von Rad (1979a:380) maak ook melding van gebed ten opsigte van die geregtigheid van Jahwe en van Israel. Na aanleiding van Job 33:26 en ander gedeeltes kom hy tot die gevolgtrekking dat daar 'n ritueel was waar gebed en berou gevolg is deur 'n verklaring van geregtigheid deur Jahwe. Die term עתר wat hier gebruik word, beteken volgens Von Rad "om te versoek deur middel van 'n offer".

## 4.2 Evaluering

Belangrike pluspunte in Von Rad se bespreking van gebed is onder andere sy goeie bespreking van lof en klag; talle teksverwysings en eksegetiese opmerkings; en die verwysing na die estetiese element van die lofliedere. Enkele leemtes is sy onderbeklemtoning van voorbidding en die oppervlakkige bespreking van gebedsterme. Von Rad (1979a:398-399) moet verder versigtig wees om nie die gebruik van bekende gebedsformules as "onpersoonlik" te beskou nie. Daar was 'n voortdurende wisselwerking tussen die persoonlike lewe van die bidder en dit wat in die kultus gebeur het. Die

bidders kon hulle persoonlike nood deur middel van bekende formules uitdruk, omdat hulle hulself daarmee kon vereenselwig.

# 5. W ZIMMERLI: 1972[9]

## 5.1 Indeling en bespreking

Zimmerli (1984) bespreek gebed in sy vierde hoofstuk "Lewe voor God". Die struktuur van hierdie hoofstuk kan soos volg opgesom word: (1) Die reaksie van gehoorsaamheid; (2) Israel se aanbiddinge: lof aan God en roep om hulp; (3) Die bemeestering van die alledaagse lewe en sy konkrete geheime (wysheid). Gebed word bespreek onder punt 2 (Israel se aanbidding). Zimmerli (1984:148) lei sy bespreking in met 'n verwysing na die Hebreeuse naam van die Psalmboek תהלים (lofprysinge). Hy wys egter op die feit dat 'n groot deel van die Psalmboek תפלות (smeekgebede of klaaggebede) is.

### 5.1.1 Kontakpunte met die liturgiese lewe

Volgens Zimmerli (1984:148-149) is dit duidelik dat die Psalms nie bestudeer moet word as vrye poëtiese uitinge nie. Daar is heelwat kontakpunte met die liturgiese lewe van die Israeliet. Profete soos Amos en Jesaja meld dat liedere en gebede deel van die aanbidding in die tempel was. Die konsepte en frases wat gebruik is, toon ook parallelle met buite-Bybelse bronne.

In die Psalms praat die bidders in duidelike taal met God en draai nie doekies om nie. Die gebedsvorme sluit die volgende in: praat, vra, roep, huil, kla, kerm, ensovoorts. Die termologie openbaar die vitaliteit waarin die hele hart van die bidder uitgestort word.

### 5.1.2 Die wese van die Ou-Testamentiese gebede

Zimmerli (1984:150-153) wys op drie kenmerke wat die gebede van die Ou Testament van die gebede in die res van die Ou Nabye Ooste onderskei:

(1) Alle gebed in die Ou Testament toon 'n verband met die eerste gebod. Daar is slegs Een wat aangespreek word, Jahwe die God van Israel. Geen gebed word gerig tot engele van Jahwe of die koning nie. Volgens Zimmerli vind 'n mens in die Ou-Testamentiese gebede geen spoor van 'n verskeidenheid gode soos in die Ou Nabye Ooste nie.

9 Die uitgawe wat in hierdie artikel gebruik word, is in 1984 gepubliseer.

(2) Ten spyte van die geheimenis rondom God se raadsplan en die bewussyn van sy majesteit is Hy nie die onbekende God nie. Hy is Jahwe van die proloog van die tien gebooie wat Homself deur Sy liefde aan die mense geopenbaar het ("Ek is die Here jou God wat jou uit die slawehuis uitgelei het").

(3) Die smeekgebede in die Ou Testament word ook onderwerp aan die derde gebod. Die bidder mag of moet die Naam van die Jahwe sonder huiwering aanroep. Dit staan lynreg teenoor byvoorbeeld die misterie wat die naam van die Egiptiese songod, Re, onthul. Daar is ook nog 'n belangrike verskil, die naam van Jahwe was nooit 'n middel waardeur die bidder Jahwe wou dwing nie. By die Babiloniese Psalms was dit nie die geval nie; daar het die bidder die naam van sy godheid as formule in 'n magiese konteks gebruik. Die Ou-Testamentiese bidder erken Jahwe as die vrye God wat nie die misbruik van Sy Naam duld nie.

### 5.1.3 Klag, dank en lof

Zimmerli (1984:153) bespreek laastens die klag wat in dank oorgaan. Die lof en dank van die volk en enkeling word aangehoor teen die klag van die verdrukte. Die "brug" tussen bogenoemde is die genre of gebedsvorm wat deur Gunkel as "indiwiduele danklied" en deur Westermann as "narratiewe of berigtende lof" getipeer word. Zimmerli reken dat hierdie gebedsvorm dit steeds moontlik maak om 'n verband met 'n spesifieke offer te vind. Die term תודה verwys na beide die danklied (Ps 50:14) en dankoffer (Am 4:5). Jahwe se hulp aan die verdrukte moet lei tot lof aan God. Dit is die doel van sy bemoeienis met die bidder.

Zimmerli (1984:154) verwys laastens na die himne of loflied.[10] Die loflied het sy *Sitz im Leben* in die liturgiese lofprysinge van die gemeenskap en inkorporeer elemente van ander genres. In sy vertelling verheerlik die imperatiwiese loflied die groot dade wat God aan die mense doen en roep hulle op om God te prys.

Die Israeliete het in hul lofprysing nie die eer aan 'n abstrakte God gegee nie. Hulle het Jahwe aanbid as die God wat hulle persoonlik ervaar het. Net soos by die smeekgebede of klaaglied is die lofprysing gerig tot Jahwe wat die hemel en aarde gemaak het.

10 Zimmerli (1984:154) gebruik soms die term "imperative hymn".

### 5.2 Evaluering

Zimmerli se drie punte wat die uniekheid van die Ou-Testamentiese gebede beklemtoon, is besonder insiggewend. Daar is een punt van onsekerheid. Zimmerli gebruik die term "imperatiwiese loflied", maar dit is onseker of hy hiermee verwys na 'n nuwe gebedsvorm en of dit bloot 'n "sterker" term vir loflied is.

## 6. J L MCKENZIE: 1974

Die Roomse geleerde McKenzie (1974) soek in sy teologie na temas of strukture waarin Israel se belewenis van Jahwe uitdrukking vind. Hy deel sy teologie in sewe hoofstukke op: (1) Die kultus; (2) Die openbaring; (3) Die geskiedenis; (4) Die natuur; (5) Die wysheid; (6) Politieke en sosiale instelling; (7) Die toekoms van Israel.

Ongelukkig kon daar in sy teologie geen sistematiese bespreking van gebed gevind word nie. 'n Mens sou reken dat gebed kon tuishoort in die hoofstuk oor die kultus, maar die soektog was tevergeefs. Gebed kom nie eers ter sprake in die bespreking van die tempel en heiligdom (McKenzie 1974:48) of die "Worshipping community" nie (McKenzie 1974:289). 'n Moontlike rede vir hierdie gebrek is die bespreking van gebed in sy boek *The two-edged sword - an interpretation of the Old Testament* (1956). In hierdie boek wy hy 'n hele hoofstuk aan die "Gebed van die Hebreërs" (1956:265-286).

Die vraag bly steeds: hoekom is die bespreking van gebed in sy Ou-Testamentiese teologie uitgelaat? Is gebed vir hom 'n integrale deel van Ou-Testamentiese teologie?

## 7. C WESTERMANN: 1978[11]

### 7.1 Indeling en bespreking

Westermann (1981) orden sy teologie in ses hoofdele wat dan weer onderverdeel word in afsonderlike hoofstukke. Gebed word hoofsaaklik in Deel 5 bespreek wat handel oor "Die antwoord": die antwoord in (A) die vorm van woorde, en (B) in die vorm van dade. In die A-gedeelte kom onder andere roep tot God, lof en klag ter sprake; in die B-gedeelte word gehandel oor

11 Die uitgawe wat in hierdie artikel gebruik word, is in 1981 gepubliseer.

die gebod en wet, en die erediens. In 'n C-afdeling gee Westermann aandag aan die antwoord in die vorm van besinning of refleksie: (a) Meditasie en teologiese refleksie; (b) Teologiese interpretasie van die geskiedenis: die groot geskiedwerke van die Ou Testament.

Gebed is volgens Westermann (1981:155-176) 'n antwoord in die vorm van woorde. In teenstelling met die opvatting dat gebed en offer menslike werke is wat uit eie inisiatief gedoen word, beskou die Ou Testament albei as 'n reaksie. As God nie gespreek en gehandel het nie, sou daar nie kultus of gebed gewees het nie. Die woorde en dade van God moet beantwoord word. Westermann bespreek gebed onder drie hoofopskrifte, naamlik die roep tot God in die Ou Testament, die lof en die klag.

### 7.1.1 Die roep tot God in die Ou Testament

Volgens Westermann (1981:155) is dit belangrik dat die term "gebed" versigtig in die Ou Testament hanteer moet word. In die vroeë tyd het die Israeliete geen term vir gebed gehad nie. Daar het eers ná die Ballingskap 'n spesifieke term ontstaan. Die gebed tot God was nie 'n aparte deel van die mens se bestaan nie. Hulle het eenvoudig gepraat van tot God roep, smeek, soek of vra.

Westermann (1981:156) beklemtoon dat gebed 'n reaksie is op wat gebeur het. Op grond daarvan kan 'n mens nie tegelykertyd loof en kla nie; gevolglik is lof en klag twee aparte genres. Wanneer dank die plek van lof inneem en smeking die plek van klag is dit iets anders, want smeking en dank kan gelyktydig tot God gerig word. Die woord "gebed" is volgens Westermann 'n oorkoepelende begrip wat die verskillende maniere om God te aanbid, saamvat.

Hierdie onderskeid is vir Westermann van groot teologiese betekenis, omdat mense soms reken dat gebed nie 'n integrale deel van teologie is nie. Wanneer die roep tot God (gebed) verstaan word as 'n antwoord op God se woorde en dade, is gebed wesenlik deel van die teologie. Beslissende momente van dit wat God sê, kan alleen uit die antwoord van die mens gevind word met die gevolg dat die antwoord onontbeerlik vir die teologie is.

Westermann (1981:156-158) reken dat die Ou-Testamentiese gebede 'n lang ontwikkelingsproses deurgemaak het. Hy onderskei drie stadia in die *historiese proses*: (1) Die oudste stadium verwys na kort gebedsuitroepe wat telkens uit 'n spesifieke narratiewe situasie ontstaan het (Eks 18:10; Rigt 15:18; 2 Sam 15:31; e a); (2) In die tweede stadium word hierdie kort gebedsuitroepe in 'n Psalm saamgevoeg. Die Psalms is in digvorm geskryf

en het veral in die kultus gefunksioneer; (3) In die derde stadium het lang prosagebede ontstaan (1 Kon 8; Esra 9; Neh 9).

Westermann (1981:158-159) verwys ook na die verskillende *genres van die Psalms* (die middelste stadium van die gebedsontwikkeling). Hy beskryf die klag- en lofpsalms as die belangrikste genres. Hierdie aanname word gemaak omdat vreugde en leed wesenlik deel van die mens se bestaan is. Die smart word verwoord in die klaaglied en die vreugde in die loflied. Hy wys verder op die "verandering" wat daar in die gebedspraktyk plaasgevind het. Danksegging neem die plek in van lof en smeking die plek van klag. Die afstand tussen die pole lof en klag is veel groter as die latere danksegging en smeking.

### 7.1.2 Lof

Westermann (1981:159-169) behandel die lof- en dankgebede saam, maar tref tog 'n onderskeid tussen die beskrywende lof (Gunkel se himne) en die berigtende of deklarende[12] lof (Gunkel se danklied). Volgens Westermann is berigtende lof, lof in die konteks van wat gebeur het. Hy maak verder 'n onderskeid tussen die berigtende lof van die volk en van die enkeling. Die lof van die volk kom nie in die Psalmboek voor nie (vgl Eks 15:1-21) terwyl daar talle voorbeelde van die lof van die enkeling in die Psalmboek voorkom (Ps 18; 30; 40; 66; ens). Kenmerkend van die berigtende lofprysing is dat dit spontaan gebeur; daar is geen amp of formele opdrag nodig nie.

Westermann (1981:165) tipeer beskrywende lof as lof binne die raamwerk van die kultus. In hierdie gebede word God geloof met betrekking tot die volheid van sy werk en bestaan. Westermann (1981:166-169) bespreek drie sake rakende die spesifieke lofgebede: (1) Dit is tipies dat die meeste hiervan ingelei word deur 'n imperatiewe oproep; (2) Hy verwys na die sogenaamde himniese partisipia (prysende deelwoorde) wat buite die Psalmboek voorkom; (3) Derdens meld hy dat hierdie genre verder strek as die grense van die Psalmboek. Dit is veral 'n belangrike element in die poësie van die boek Job en Deutero-Jesaja.

12 In die Nederlandse uitgawe word die woord "berichtende lof" gebruik en in die Engelse weergawe "declarative praise". Dit is moeilik om hierdie woorde in Afrikaans te vertaal.

### 7.1.3 Klag

Westermann (1981:170-176) bespreek die klag onder ses opskrifte:

(1) Die *betekenis en eie aard van die klag* kom alreeds in die *credo* van Deuteronomium 26:7 voor. Volgens Westermann is die klag 'n elementêre bestanddeel van die totale reddingsproses. Van die eerste tot die laaste bladsy van die Ou Testament hoor jy die roep van die mens in nood. Hy waarsku teen die afskaling van die klag in die teologie van die Ou Testament.

(2) Westermann (1981:171-172) bespreek die tipiese *opbou van die klag*: aanroeping; klag; toewending tot God (belydenis van vertroue); smeking; lofgelofte. Daar is verder drie aspekte van die klag wat aandag verdien: die kla oor God; kla oor ander mense, veral die vyand; en die klag oor hom/haarself.

(3) Die *motief van die klag by Deutero-Jesaja en Job* verskil: die verkondiging van die Deutero-Jesaja is gebou op die klag van die volk en Job handel oor die persoonlike menslike lyding.

(4) By die klag is daar dikwels 'n *belydenis van sonde*. Daar is egter ook 'n reeks klagte waar die bidder sy onskuld bely.

(5) Die *klag van die middelaar* is die indiwiduele klag van 'n persoon wat intree namens die volk, byvoorbeeld Moses, Elia en Jeremia.

(6) Laastens bespreek Westermann (1981:176) die *klag van God*. Hierin kla God oor die afvalligheid van sy volk (vgl Jes 1:2-3).

## 7.2 Evaluering

Westermann verleen die meeste aandag aan gebed van al die Ou-Testamentiese teologieë wat in hierdie artikel bespreek word. Gebed is vir hom 'n integrale deel van Ou-Testamentiese teologie. Een van sy belangrikste teologiese beklemtonings is dat gebed 'n reaksie op God se dade is, nie menslike werke wat op eie inisiatief gedoen word nie. Daar is 'n hele aantal unieke elemente of verwysings wat by geeneen van die ander Ou-Testamentiese teologieë voorkom nie: sy verwysing na gebedsterminologie; die historiese ontwikkeling van gebed; gebed in Job en Deutero-Jesaja; die klag van God; ensovoorts.

Westermann se verwysing na die historiese ontwikkeling van gebed is interessant; tog moet dit versigtig hanteer word. Dit is duidelik dat Westermann se drie stadia nié eenvoudig as *waterdigte stadia* in 'n historiese ontwikkelingsproses beskou kan word nie. Die Ou Testament wys nie net op 'n liniêre ontwikkeling van gebed nie; daar moet eerder na verskillende

vlakke in die gebede van die Ou Testament gekyk word (vgl Greenberg 1983:43-46).[13]

Westermann se onderskeiding tussen berigtende en beskrywende lof is interessant, maar tog verwarrend. Sy verwysing na berigtende lof is dalk effens wyer as Gunkel se danklied (sluit elemente van belydenis en verkondiging in), maar dit sou beter gewees het om die algemeen aanvaarde terme lof en dank te gebruik.

## 8. R E CLEMENTS: 1978

Clements (1978) se teologie behandel in ag hoofstukke die volgende sake: (1) Die probleem van die teologie van die Ou Tesament; (2) Die dimensies van die Ou-Testamentiese geloof; (3) Die God van Israel; (4) Die volk van Israel; (5) Die Ou Testament as Wet; (6) Die Ou Testament as belofte; (7) Die Ou Testament en die geskiedenis van die godsdienste; (8) Die Ou Testament en die studie van die teologie.

In sy hele teologie verwys hy omtrent nooit na gebed nie. Gebed word glad nie op 'n sistematiese wyse bespreek nie. Selfs in besprekings van die Psalms, kultus en liturgie kon geen direkte opmerking oor gebed opgespoor word nie. Clements kon moontlik in sy tweede hoofstuk "Die dimensies van die Ou-Testamentiese geloof" na gebed verwys het. Gebed was immers 'n belangrike deel van die Israeliet se geloofsbelewing. Clements (1978:43) verwys indirek na gebed as hy sê dat dit in vroeë Israel moontlik was "to conduct a kind of dialogue with God through the agency of the cultic personnel".

Dit is jammer dat Clements (1978) in sy teologie gebed afskeep of ignoreer. In 'n ander publikasie (*In spirit and truth: insights from Biblical prayers*

13 Greenberg (1983:43-46) verskil van Westermann se siening en bespreek die ontwikkeling van Ou-Testamentiese gebed vanuit drie verskillende vlakke: (1) As die bidder die tempel besoek, gebruik hy eerder 'n rituele gebed soos in die Psalms opgeteken is; (2) Ander tye (selfs ook by die tempel) gebruik dieselfde bidder 'n meer spontane gebed. Die moontlikheid bestaan dat hy sekere vaste komponente of frases in sy "spontane gebed" gebruik het. (3) Die derde vlak is volgens Greenberg die totaal onkonvensionele en ongekunstelde vlak; dalk net 'n uitroep soos byvoorbeeld in 2 Samuel 15:31 of Rigters 15:18. Greenberg reken dat een persoon op twee of op al drie vlakke bid. Hanna het byvoorbeeld 'n lang gebed (1 Sam 1:12) asook 'n dankpsalm (1 Sam 2:1-10) gebid.

1985) bespreek hy breedvoerig 'n paar nie-Psalmiese gebede. Clements meld egter in sy voorwoord (1978) dat sy bedoeling nie was om 'n volledige Ou-Testamentiese teologie te skryf nie. Sy boek sentreer rondom die vraag na die wesenlike aard van die teologiese denke. Waarskynlik het gebed eers in 'n latere publikasie sy regmatige deel ontvang.

Die vraag is: beskou Clements gebed as 'n wesenlike deel van die Ou-Testamentiese teologie? In sy boek *Spirit and truth* (1985) meld hy dat gebed as die mees fundamentele uitdrukking van godsdiens beskou moet word. Clements verwys na gebed as "biblical spirituality"; tog kan 'n mens nie sê dat hy gebed as iets buite die teologie afmaak nie. Hy toon juis aan dat die vrae "Wie is God?" en "Hoe moet ek bid?" nie van mekaar geskei kan word nie. Gebed is vir hom teologie in beweging en die toets vir die verstaan van God (Clements 1985:2-3). In die lig van bogenoemde bespreking is dit onverstaanbaar dat hy nie eksplisiet na gebed in sy teologie verwys nie.

## 9. B S CHILDS: 1985

Childs (1985) argumenteer dat die kanon van die Christelike kerk die mees geskikte konteks is van waaruit die Bybelse teologie beoefen moet word. Die finale vorm van die teks is volgens Childs normatief vir Bybelse teologie. Die historiese konteks word dus verruil vir 'n kanoniese konteks. Dit is egter opvallend dat daar in sy teologie nie 'n duidelike struktuur is nie. Dit wek eerder die indruk van 'n twintigtal los opstelle.

In sy teologie kon daar slegs enkele verwysings na gebed opgespoor word; daar is egter geen sistematiese bespreking van gebed nie. Die verwysings konsentreer hoofsaaklik op die Psalms. In hoofstuk 9 (Die ontvangers van God se openbaring) meld hy dat die grootste gedeelte van die Ou-Testamentiese Psalms uit klaagliedere van die indiwidu bestaan waar die indiwidu sy nood deur die gebed bekend maak (Childs 1985:100). Childs verwys egter ook op ander plekke na die Psalms in die kultus (1985:172); die menslike emosies in die Psalms (1985:202); en die bespreking van die Psalms in sy hoofstuk oor die "Shape of the obedient life" (1985:207-209). Verder maak hy net melding (sonder bespreking) van die profeet se rol as voorbidder (1985:127).

Daar is verskeie plekke in sy struktuur waar Childs gebed in meer detail kon bespreek het, onder andere in hoofstuk 14 "The benefits of the covenant: the cultus".

# 10. H D PREUSS: 1991 EN 1992

## 10.1 Indeling en bespreking

Preuss se teologie van die Ou Testament is in twee bande gepubliseer: die eerste band handel oor Jahwe se uitverkiesende en verpligtende handelinge (1991) en die tweede band oor Israel se weg met Jahwe (1992). Hierdie bande word in 'n totaal van vier hoofdele en vyftien hoofstukke opgedeel. Daar is talle verwysings na gebed in albei bande; tog word gebed sistematies in die vierde hoofdeel bespreek ("Folgen und Folgerungen der geschichtlich erfahrenen Erwählung"). Gebed vorm deel van hoofstuk 13 wat handel oor die godsdiens van Israel (kultus).

In aansluiting by ander geleerders wys Preuss (1992:265) daarop dat gebed saam met die offer en liedere tot die kultiese handelinge behoort. Hy meld dat daar benewens die offisiële kultus ook gekyk moet word na die meer private gebed in Israel. Preuss (1992:266-267) bespreek breedvoerig die nie-Psalmiese gebede. Hy verwys na die verskillende tipes gebede buite die Psalms: kort klaaggebede (Rigt 13:8 en 15:18); omvangryke prosagebede (Esra 9; Neh 9 en Dan 9); voorbiddingsgebede van Moses (Deut 3:23-25; 9:25-29); konfessies van Jeremia; ensovoorts. Preuss (1992:265-267) verwys ook kortliks na die verskillende terme wat vir gebed gebruik word; die verskillende gebedshoudings; en die ander kultiese handelinge wat saam met gebed voorkom.

In sy bespreking van die Psalmiese gebede wys hy op die hoë voorkoms van die klaaglied van die enkeling. Die "persoonlike God" van die klaaglied van die enkeling is ook die God van die volk en gemeente. Volgens die gebede van die Ou Testament is Jahwe kenbaar; tog ervaar die bidder ook soms 'n afstand of verlatenheid van God. Die Psalms met sy verskillende vorme help die bidder om self sy eie gebede te verwoord. As gebede en liedere het die Psalms 'n besondere vroomheidsdimensie wat die hedendaagse bidder help. Buiten die klaaggebede is daar ook die lofgebede. Preuss (1992:269) wys op voorbeelde van kort lofgebede (Eks 15:21) asook uitgebreide lofgebede (Ps 148).

Preuss meld dat God nie outomaties Israel se gebede verhoor het nie. Daar is talle voorbeelde waar die bidders vir 'n langer of korter tyd tot God smeek. Die Psalmbidder word 'n geloofsgetuie. Hy bespreek ook die danklied wat dikwels met die dankoffer verbind word (vgl Ps 30; 66; 116; 138).

Die bidder besef iets van Jahwe se heilshandelinge, van sy verkiesende handelinge met sy volk en gemeente. Die mistiese gebed, waar daar 'n vereniging met die godheid plaasvind, is onbekend aan die Ou-Testamentiese

gebed. Hy wys daarop dat in na-eksiliese Psalms uitdruklik om vergifnis van sonde gebid word. In sy slotparagraaf oor gebed dui Preuss (1992:271) aan dat die Ou-Testamentiese gebed 'n stuk geleefde gemeenskap met God is. God wil antwoord en laat toe dat tot Hom gebid word.

### 10.2 Evaluering

Daar is veral twee sterk punte in Preuss se hantering van gebed: (1) die ewewigtige aandag wat hy verleen aan Psalmiese en nie-Psalmiese gebede; (2) die beklemtoning van die formele gebede van die kultus en die meer persoonlike vorm van gebed. Verdere pluspunte is sy bespreking van die verskeidenheid gebedsterme, die gebedshandelinge en die verhoring van gebed.

## 11. W BRUEGGEMANN: 1997

Brueggemann (1997) gebruik die metafoor van 'n geregtelike verhoor om die teologiese werklikheid van die Ou Testament te beskryf as 'n reeks verklarings oor Jahwe, die God van Israel. Hierdie metafoor voorsien 'n konteks wat ag gee op die pluralisme in elke dimensie van die interpretasieproses. Brueggemann se besorgdheid vir 'n proses en interaksie verklaar die gebruik van sy drie terme in die subtitel: "Testimony, dispute and advocacy". Hy orden sy teologie in vyf hoofdele: (1) Israel se kerngetuienis; (2) Israel se teengetuienis; (3) Israel se ongevraagde getuienis; (4) Israel se beliggaamde getuienis; (5) Moontlikhede vir teologiese interpretasie.

Die skrywer kon geen sistematiese bespreking van gebed in Brueggemann se teologie vind nie. Geen aandag word aan gebed verleen in hoofstuk 23 wat handel oor die kultus nie. Brueggemann (1997:470-485) verwys wel indirek na gebed in hoofstuk 15 "The human person as Yahweh's partner". In een van die onderafdelings van hoofstuk 15 bespreek hy "Characteristic markings of covenantal humanness". Hy verwys onder andere na "complaint, petition and thanksgiving" in sy bespreking van die lewe in 'n krisis (Brueggemann 1997:470-474). Verder wy hy 'n paar bladsye aan die bespreking van lof en hoop, met die beklemtoning van hoop (Brueggemann 1997:476-485). In slegs twee gevalle word die woord "gebed" pertinent gebruik (1997:470-471) alhoewel die gebedsvorme direk ter sprake kom. Interessant is ook sy gebruik van die term "complaint" (aanklag). Hy sluit aan by die Duitste teoloog Gerstenberger se onderskeid tussen Anklage ("complaint") en Klage ("lament"):

> A lament bemoans a tragedy that cannot be reversed, while a complaint entreats God for help in the midst of the tribulation.

Die vraag ontstaan: Hoekom wil dit voorkom asof Brueggemann verwysings na gebed doelbewus weglaat? Pas dit nie in binne sy metafoor van 'n geregtelike verhoor nie? Hierdie afskeep van die sistematiese bestudering van gebed is onverstaanbaar, veral in die lig daarvan dat hy heelwat oor die Psalmiese gebede en oor die lof en klag gepubliseer het (vgl Brueggemann 1974:3-19; 1984; 1986a; 1986b:57-71; ens.). Dit is verder interessant dat Brueggemann die term "complaint" (aanklag) gebruik, maar nêrens na "lament" (klag) verwys nie.

## 12. SAMEVATTING EN SLOT

(1) Uit die bespreking blyk dit dat die bestudering van gebed in die meeste Ou-Testamentiese teologieë afgeskeep of selfs geïgnoreer word. Van die tien teologieë wat behandel is, is daar net enkeles wat gebed as 'n integrale deel van die Ou-Testamentiese teologie beskou. Feitlik net die Duitste teoloë Eichrodt, Zimmerli, Westermann en Preuss maak erns met die teologie van gebed. Dit is opvallend dat teologieë uit die Engelse wêreld (McKenzie, Clements, Childs en Brueggemann) min aandag aan die bespreking van gebed bestee.

(2) Die nie-Psalmiese gebede word onderbeklemtoon. Feitlik al die aandag word aan die Psalms spandeer. Westermann en Preuss is van die min teoloë wat detailaandag aan die nie-Psalmiese gebede verleen.

(3) As 'n mens die verwysings na gebed van nader beskou, blyk dit dat die meeste klem op die klaaggebed of klaaglied gelê word. Die klag is baie belangrik, maar dit is opvallend dat die ander vorme so min aandag geniet (Zimmerli, Westermann en Von Rad gee egter ook aandag aan lof).

(4) Die teoloë wat wel gebed sistematies bespreek, beklemtoon die verhouding tussen die mens en God. God word deurgaans aanbid as Skepper en Redder. Eichrodt behandel gebed onder die hoofdeel "Verbondsverpligtinge" en beskou gebed saam met die offerdiens en inseëning as een van die heilige dade in die kultus; Zimmerli bespreek gebed in die hoofstuk wat handel oor "Die lewe voor God" onder die opskrif "Israel se aanbidding: lof aan God en roep om hulp"; Westermann beskou gebed as 'n antwoord aan God in die vorm van woorde; Preuss behandel gebed as deel van die godsdiens van Israel.

(5) Die meeste teoloë het die verband met die kultus of liturgiese lewe uitgewys, en ook die wisselwerking tussen die kultus en die alledaagse lewe

beklemtoon (vgl Westermann). Hierdie verband is veral aangetoon met betrekking tot die Psalmiese gebede terwyl die nie-Psalmiese gebede afgeskeep is.

(6) Dit is insiggewend dat baie min aandag aan die Hebreeuse terminologie en gebedshoudings spandeer word. Hierdie sake kom meer aan die orde in Bybelse ensiklopedieë en woordeboeke.

(7) In die besprekings is daar geen aandag verleen aan die spesifieke literêre en teologiese funksie van gebed nie. Hierdie leemte kan waarskynlik toegeskryf word aan die relatief jonger werke wat hieroor verskyn het (Staudt 1980; Greenberg 1983; Balentine 1993). Die bespreking van gebed in die Ou-Testamentiese is 'n weerspieëling van dit wat op daardie stadium oor gebed gepubliseer is. Vroeëre werke oor gebed in die Ou Testament het eerder op vormkritiese gegewens in veral die Psalms gekonsentreer en word gereflekteer in die teologieë (vgl Wendel 1931; Krinetzki 1965; Gunkel 1975).

(8) In al die besprekings is daar baie min aandag aan voorbidding as gebedsvorm verleen. Lof, dank en klag word soms in detail bespreek en dit is feitlik net Eichrodt en Preuss wat kortliks na voorbidding verwys.

# BIBLIOGRAFIE

BALENTINE S E
1993. *Prayer in the Hebrew Bible: the drama of divine-human dialogue*. Minneapolis: Fotress Press.

BARTH K
1961. *Church Dogmatics: the doctrine of creation*. Vol III/3 (tr by G W Bromiley). Edinburgh: T & T Clark.

BERKHOF H
1973. *Christelijk geloof: Een inleiding tot de geloofsleer*. Tweede druk. Nijkerk: G F Callenbach.

BERKOUWER G C
1949. *Dogmatische studien: Geloof en volharding*. Kampen: J H Kok.

BRUEGGEMANN W
1974. From hurt to joy, from death to life. *Int* 28:3-19.
1984. *The message of the Psalms*. Minneapolis: Augsburg.
1986a. *Praying the Psalms.* Winona, Minnesota: Saint Mary's Press.
1986b. The costly loss of lament. *JSOT* 36:57-71.
1997. *Theology of the Old Testament: testimony, dispute and advocacy*. Minneapolis: Fortress Press.

BRUNNER E
1960. *Dogmatik III*. Zürich-Stuttgart.

CALVYN J
1956. *Institutie*. Delft: W D Meinema.

CHILD B S
1985. *Old Testament theology in context*. Philadelphia: Fortress Press.

CLEMENTS R E
1978. *Old Testament theology: a fresh approach*. London: Marshall, Morgan & Scott.
1985. *In spirit and truth: insights from biblical prayers*. Atlanta: John Knox Press.

DU PREEZ J
1980. *Gebed: 'n Teologiese besinning*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

EBELING G
1979. *Dogmatik des christlichen Glaubens I*. Tübingen: Mohr.

EICHRODT W
1961. *Theology of the Old Testament*, Vol 1 (tr from the German by J A Baker). London: SCM Press.
1982. *Theology of the Old Testament*, Vol 2 (tr form the German by J A Baker). 4th impression. London: SCM Press.

GREENBERG M I
1983. *Biblical prose prayer: as a window to the popular religion of Ancient Israel*. Los Angeles: University of California Press.

GUNKEL H
1975. *Einleitung in die Psalmen*. Dritte Auflage. Göttingen: Van den Hoeck & Ruprecht.

KRINETZKI L
1965. *Israels Gebet im Alten Testament*. Aschaffenburg: Paul Pattoloch Verlag.

MCKENZIE J L
1956. *The two-edged sword — an interpretation of the Old Testament*. Milwaukee: Bruce Publishing Company.
1974. *A theology of the Old Testament*. London: Geoffrey Chapman.

MÜLLER G
1984. s v Dogmatische Probleme gegenwärtiger Gebetstheologie. *Theologische Realenzyklopädie* XII.

O'KENNEDY D F
1994. Die gebed om vergifnis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (D Th proefskrif).
2000. Die gebed van Salomo (1 Kon 8:22-53): riglyne vir die verstaan van gebed in die Ou Testament. *NGTT* 41 (1 & 2):109-124.

PREUSS H D
1991. *Theologie des Alten Testaments Band I: JHWH's erwählendes und verpflichtendes Handeln*. Stuttgart: W Kohlhammer.
1992. *Theologie des Alten Testaments Band 2: Israels Weg mit JHWH*. Stuttgart: W Kohlhammer.

RINGLEBEN J
1982. "In Einsamkeit mein Sprachgesell": Das Gebet als Thema der Dogmatik. *ZTK* 79:230-248.

STAUDT E
1980. Prayer and the people in the Deuteronomist. Ph D dissertation, Vanderbilt University.

VON RAD G
1979a. *Old Testament theology* Vol 1 (tr from the German by D M G Stalker). 3rd impression. London: SCM Press.
1979b. *Old Testament theology* Vol 2 (tr from the German by D M G Stalker). 3rd impression. London: SCM Press.

VRIEZEN TH C
1966. *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament*. Derde druk, opnieuw herzien en uitgebreid. Wageningen: H Veenman en Zonen.

WARREN K V
1980. A historical and Biblical/theological consideration of prayer as a means of grace. Potchefstroom: PU vir CHO. (D Th Dissertation.)

WENDEL A
1931. *Das freie Laiengebet im vorexilischen Israel*. Leipzig: Verlag von Edward Pfeiffer.

WESTERMANN C
1981. *Hoofdlijnen van een theologie van het Oude Testament* (vertaling door drs J Steetskamp). Kampen: J H Kok.

WETHMAR C J
1988. Godsleer en gebed: Enkele gesigspunte in verband met die Godsleer van Gerhard Ebeling, in Wethmar, C J & Vos, C J A (reds), *'n Woord op sy tyd: 'n Teologiese feesbundel aangebied aan professor Johan Heyns ter herdenking van sy sestigste verjaarsdag*, 217-237. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

VERHOEF P A
1981. *Ou-Testamentiese teologie in perspektief.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers. (Stellenbosse Teologiese Studies 6).

ZIMMERLI W
1984. *Old Testament theology in outline* (tr from German by D E Green). Edinburgh: T & T Clark.